

Dinsdag 12 April

Skrifgedeelte: Matteus 6:6-9

Fokusgedeelte: Matteus 6:9a; NGB Artikel 9

Ons Vader

Ons Vader wat in die hemel is. Ons Vader. Het u al daaraan gedink dat om werklik met iemand te kan praat, moet daar een of ander verbintenis tussen julle wees. 'n Mens stap nie maar sommer na 'n wildvreemde en begin praat asof julle mekaar al jare ken nie.

Daar moet 'n gemeenskaplike grond wees wat ons verbind voordat ons regtig kan begin gesels en met mekaar kan deel. Om regtig jou geheime, jou drome en jou vrese te begin deel met iemand, daarvoor moet dit wat julle deel, baie sterk wees.

Jesus Christus leer ons die gronde vir ons verhouding met die Here wanneer Hy ons leer om ons gebed te begin met ons Vader. En nou moet ons verstaan wat Hy presies hiermee sê. Jesus Christus is die Seun van God, gebore uit Hom. Die verhouding wat Hy met God die Vader het, is soveel meer en dieper as wat ons ooit hier op aarde met enige iemand kan hê, of selfs kan verstaan. Wanneer Hy God sy Vader noem, dan beroep Hy Hom daarmee op 'n gedeelde wedersydse vertrouwe en liefde en gemeenskap wat vir ons sondige mense eintlik ondenkbaar is.

Daarom is dit ook net reg dat Jesus Christus vir God mag aanspreek as Vader. Dit is sy verhouding met God die Vader. Maar nou sê Hy *ons mag dit ook doen*. Die rede daarvoor is dat Hy aan die kruis vir ons die reg verdien het om ook in so 'n naby verhouding van liefde en gemeenskap met God die Vader te staan.

Wanneer Jesus ons leer om God as ons Vader aan te spreek, dan sê Hy nie daarmee dat ons nou moet oopmaak vir die Here nie. Hy sê dat die Here Homself oop en toeganklik maak vir ons. Hy is ons Vader ter wille van Jesus Christus.

Sing: Skrifberyming 1-1 (SB 24):1, 2

Ds. AP de Jager (André) (Klerksdorp)